**Navrae:** F Lewis
**Telefoon:** 021 467 2195
**Faks:** 021 425 7465
**Verwysing:** 13/12/8/8
20051222-0030

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni**

OMSENDBRIEF : 0014/2006
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE EN HOOFDE VAN ALLE AFDELINGS (HOOFKANTOOR EN OBOS'e) EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS VAN DIE WKOD**

KORT OPSOMMING: *Om skoolbestuurspanne met riglyne vir die toepaslike behandeling van ses aansteeklike siektes wat voorkom in skole, insluitend meningitis, waterpokkies, kopluise, masels, jeuksiekte en pampoentjies te voorsien.*

ONDERWERP: **SIEKTEBESTUURSRIGLYNE VIR SKOLE**

1. Die eerste stel bestuursriglyne vir ses algemene aansteeklike siektes is vir skole geskryf in samewerking met die provinsiale Verwysingsgroep vir Jeug- en Adolessente Gesondheid, onder voorsitterskap van die Departement van Gesondheid (Subdirektoraat: Moeder-, Kind en Vrouegesondheid). Die riglyne is aangeheg.

2. Let op die volgende belangrike punte:

   - In die geval van meningitis moet 'n leerder onmiddellik by die skool weggewys word en die leerder mag slegs terugkeer skool toe na goedkeuring deur die leerder se dokter nadat behandeling begin het. Bakteriële meningitis (meningococcal meningitis) is 'n aanmeldbare siekte en die plaaslike en provinsiale Departemente van Gesondheid moet onmiddellik in kennis gestel word.

   - In die geval van waterpokkies (varicella virus), moet leerders by die skool weggewys word solank as wat behandeling voortduur en mag die leerder slegs terugkeer nadat toestemming van die dokter verkry is.

   - In die geval van kopluisbesmetting moet leerders by die skool weggewys word slegs totdat behandeling begin is met 'n spesiale sjampoe wat by 'n apteek verkry kan word. Hulle mag daarna na die skool terugkeer selfs al is nete steeds teenwoordig. Behandeling met gewone haarsjampoe sal nie effektief wees nie. Indien 'n aantal leerders by die skool besmet is, word daar aanbeveel dat al die ouers van kinders by die skool ingelig word en aangeraai word om gereeld te kyk of hule kinders luise het. (Voorbeelde van geskikte briewe is aangeheg).

   - In die geval van masels moet leerders vir 7 dae by skole weggewys word nadat rooi kolletjies dwarsoor die liggaam uitgeslaan het.

   - In die geval van jeuksiekte moet leerders by die skool weggewys word tot 24 uur nadat die behandeling begin het. Jeuksiekte kan nie self gediagnoseer of self behandel word nie. Indien die skool vermoed dat 'n leerder jeuksiekte onder lede het, moet die leerder na die naaste kliniek, dokter of verpleegster verwys word.

   - In die geval van pampoentjies moet die leerder vir 7 – 9 dae by die skool weggewys word nadat die speekselkliere begin opswel het, en die leerder mag slegs na die skool terugkeer met 'n goedkeuringsbrief van die dokter.

3. Daar word aanbeveel dat alle skole persone wat aansoek doen om toelating vir hulle kinders aanraai om toe te sien dat hulle kinders ten volle geïmmuniseer is voordat hulle met skool begin ten einde die risiko vir die opdoen van aansteeklike siektes soos masels, waterpokkies en pampoentjies te minimaliseer. Nie alle openbare gesondheidsklinieke voorsien hierdie diens nie, maar die meeste apteke en privaatklinieke behoort hierdie immuniserings te kan voorsien. Daarbenewens word daar aanbeveel dat skole voorskoolse kaarte of Road to Health-kaarte insluit by leerderrekords indien sodanige kaarte beskikbaar is.

4. Hierdie omsendbrief en die aangehegte riglyne moet onder die aandag van alle opvoeders en die skoolbestuurspan gebring word.

**GETEKEN:** R.B. SWARTZ
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2006:02:13

Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Meld asseblief verwysingsnommers in alle korrespondensie
VEILIGE SKOLE: 0800 45 46 47
INBELSENTRUM: 0861 92 33 22

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
*Adobe Acrobat Reader®* word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Riglyne (grootte: 36 KB)

na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva